

Hoekom is jy gebore?



Toe ek 'n jong seun was, so 12 na 13 jaar oud, het ek begin vrae vra soos: "Hoekom is ek gebore?", "Wat is die doel van my lewe?", "Is daar regtig 'n God of is dit ook, nes Kersvader, 'n groot leuen?" Wel, toe ek so 16 – 17 jaar oud is het ek my antwoorde begin kry. Wat ek uit die bladsye van die Bybel uitgevind het is dat nie net is YAHWEH (God se naam) werklik nie, maar hy het ook die wonderbaarlikste plan in menslike heugenis uitgewerk. In die kort pamflet wil ek die plan met jou deel en verduidelik hoe jy deel kan wees van die einste werk van die Lewende Skepper van die HEELAL.

YAHWEH se plan vir die Mensdom

In Prediker 1:1-3, 12-18 verklaar Salomo, die rykste man wat al ooit gelewe het, dat die lewe betekenisloos is. Koning Dawid vra vir YAHWEH (naam van die Skepper) in Psalm 8:3-6 "wat is die mens dat U aan hom dink?" Wel, die antwoord vir daardie vraag is die mees ongelooflike antwoord in die geskiedenis van die mensdom. Die antwoord is dat die Almagtige YAHWEH van die heelal besig is om vir Hom 'n nageslag deur die mens op te bou. Laat my toe om vir jou die wonderlikste plan in die geskiedenis van die wêreld vanuit die Heilige Skrif te wys.

Voordat YAHWEH die mens geskep het, het Hy wesens wat as engele bekend gestaan het, geskep. Die hoof engel se naam was Lucifer, die "ligdraer", wat later teen YAHWEH gedraai het en toe, soos ons hom vandag ken, "Satan die duiwel" geword het. Jy kan in Ese. 28:13-18 hiervan lees. Dit begin deur te sê dat Satan in die Tuin van Eden was. In vers 14 lees ons hy was die gesalfde gerub en was op die Heilige Berg van Yahweh. Vers 15: **"Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is."** Vers 17: **"Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid... Ek het jou op die grond gewerp"**. Dus ons kan sien dat trots die Satan se ondergang veroorsaak het. Dit is vandag baie dieselfde. Jy kan die storie in Jes 14:12-14 voortsit: **"Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die daglig! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van El en sit op die berg van byeenkoms in die uithoeke van die**

Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Ons weet wat die resultaat was. Openbaring 12:7-9 praat van 'n oorlog in die hemel en Satan wat daaruit gewerp word. Ons weet nie hoe lank gelede YAHWEH Satan geskep het of wanneer die storie plaas gevind het nie. Ons weet wel dat die herskepping van die aarde, insluitend die mensdom ongeveer 6 000 jaar gelede was. Jy kan die jare in die Bybel vanaf Adam, die eerste man, tot met die tyd van Messias optel en jy sal by om en by 4000 jaar uitkom. Ons weet ook dat rofweg, van die tyd van die Messias af, tot vandag toe ongeveer 2000 jaar was. So vanaf die herskepping van die wêreld met Adam en Eva is dit amper 6000 jaar. Hoekom sê ek vanaf die herskepping van die wêreld? Wel ons het reeds uit die Skrif gesien dat Yahweh engele voor Genesis 1 geskep het. Ook as jy na Gen 1:2 kyk sê dit die wêreld was "woes" en "leeg". Die twee woorde in Hebreeus is "tohu" en "bohu". Tog in Jes 45:18 sê dit dat Yahweh nie die aarde geskep het om leeg te wees of "tohu" en "bohu" nie. Die woord "was" in Gen 1:2 moet eerder as "word" gelewer word. Dit het leeg en woes geword deur ongeregtheid en sonde. Die sonde van Satan, die duiwel, en sy gevalle engele (demone) wat probeer het om YAHWEH se troon oor te vat.

So YAHWEH het, soos wat Hy met alles doen, hierdie negatiewe situasie gevat en omgedraai in die grootste geleentheid vir die mensdom in die geskiedenis van tyd. YAHWEH sou vir Homself 'n nageslag deur die Heilige Gees in mense voortbring. Dit is verbysterend om selfs net daaraan te dink! Maar kom ons lees daarvan uit die Skrif. Eerste, in Genesis 1, het Elohiem (wat die oorspronklike Hebreeuse titel vir die Skepper is) alles volgens hulle eie soort geskape. Hy het beeste na beeste geskape, voëls na voëls en visse na visse. Tog in vers 26 van Genesis 1 sê dit dat Elohiem gesê het: **"Laat Ons mense maak na ons beeld, na Ons gelykenis"**. Hy het die mens na die Elohiem soort gemaak. Eenvoudig ontsagwekkend. Ek het gesê die titel vir God in Hebreeus is "Elohiem" wat 'n meervoudsvorm is soos "familie". Wie is hierdie Elohiem of familie? Dit bestaan uit twee ewige wesens wat ons vanuit die Skrif ken as Elohiem die Vader "YAHWEH" en Elohiem die Seun "Yahshua" (Hebreeuse naam vir Jesus). Hulle is een in gedagte, een in verstand en een in die gees deur die mag van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die mag, die essensie wat die Vader en die Seun een maak, maar dit het nie sy eie wil of mag weg van die Vader of die Seun nie. Die idee van 'n drie-eenheid is nie Skriftuurlik nie en kom van die Verre Oosterse heidendom.

As jy Johannes hoofstuk 17 lees, praat Yahshua van die Vader en Homself as Een (Verenig). Weereens is dit nie letterlik een nie, maar een in gedagte, verstand en gees. Yahshua het nooit tot die

Heilige Gees gebid nie, slegs tot YAHWEH die Vader. Die Heilige Gees is die mag van YAHWEH maar dit is nie 'n afsonderlike wese nie. So ons sien dat ons in die beeld van die Almagtige Elohiem familie geskep is.

Genesis 1:27 sê, **"En Elohiem het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van Elohiem het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape."** Kan enige iets meer fantasties wees as om in die einste beeld van die Almagtige Skepper van die Heelal geskep te wees?

Daar is egter een probleem. Ons weet dat nie lank na die skepping nie het die mensdom, deur Adam en Eva, die keuse gemaak om YAHWEH nie te gehoorsaam nie en hulle eie weg te gaan. Jy kan in Genesis 3 hiervan lees. Nadat Adam en Eva gesondig het, het hulle YAHWEH die Vader van die mensdom afgesny as gevolg van hulle sonde. **Is. 59:1-2, "Kyk, die hand van Yahweh is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te toe om te hoor nie; ² maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle Elohiem, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.**

Sonde het ons, van die skepping af, van YAHWEH afgesny. Hy het vir die mensdom 6000 jaar gegee om hulle eie regerings, ekonomiese beleid, skoolsisteme en selfs gelowe te maak. Wanneer 6000 jaar voltooi is (en ons is omtrent daar) sal Yahshua die Messias na die aarde terugkeer om vir 'n 1000 jaar millennium van vrede te regeer. Open19:11-16, Open. 20:4-6 **"...Geseënd en afgesonder is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van Elohiem en van die Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.**

Hoe kan ek daarvan seker wees dat YAHWEH 'n 7000 jaar plan, 6000 jaar vir die mens se sisteme en 'n 1000 jaar millennium heerskappy van die Messias, het? Wel, eerstens het jy nou net die Skrifgedeelte gelees oor Yahshua en Sy volgelinge se 1000 jaar regering. Verder het YAHWEH die hemele en aarde in ses dae geskep en op die sewende dag, die Sabbat, gerus. Op dieselfde wyse het hy 6000 jaar vir die mens gegee om sy ongeregte sisteme te werk waarna die sewende millennium kom wat die Sabbat van rus van hierdie ongeregte sisteme is. Dit sal rus van sonde, siektes, oorlog en pestilensies wees. Jes 35:3-10 vertel vir ons van die glorieryke tyd. Hy sê dat die lammes sal loop, die blindes sal sien en die dowes sal hoor. Dit is geestelik en fisies. Daar sal ook 'n afwesigheid van sonde wees. Dan 2:44 sê dat Yahshua se Koninkryk al die aardse koninkryke wat op die aarde oor is sal vernietig wanneer Hy terug kom. Die Messias self, Yahshua (Jesus), sal Koning oor die hele wêreld wees en vanuit Jerusalem regeer. Dit is hoekom Yahshua so baie

wonderwerke en genesings op die Sabbatdag gedoen het, want dit beeld die laaste 1000 jaar van die 7000 jaar plan uit. Dit is 'n tyd, volgens die Bybel, van volkome genesing, beide geestelik en fisies.

Dit praat ook van die 7000 jaar plan in 2 Petrus 3:3-4. Dit sê dat daar in die laaste dae mense sal wees wat spot en twyfel oor die terugkoms van die Messias. As mens dan afgaan na vers 8 en 9 sê dit **“dat een dag by YAHWEH soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag”**. So weereens sien ons die patroon van ses dae van skepping en die Sabbat rus, 6000 jaar van sonde en die millennium rus van die Messias. Dit beteken dat binnekort in die volgende jare, as ons op daardie tyd lewe, sal ons die mees ongelooflike gebeurtenis in die geskiedenis van die mensdom sien. Die terugkoms van Yahshua Messias, die Seun van YAHWEH. Maar moenie geflous word nie! Die Bybel sê dat daar eers 'n valse messias sal kom wat gaan beweer dat hy die ware een is. Open 13:11-18 sê dat hy sal maak dat die hulle wêreld 'n merk in die hand of die voorkop sal vat om die eindtyd een wêreldregering sisteem te aanbid. Hulle het reeds die tegnologie in 'n piepklein mikroskopiese wat hulle nou in diere en ook op sommige mense gebruik. Moet nie die merk vat nie, selfs al moet jy van die honger sterf! Wie ook al die merk vat sal nie die ewige lewe ontvang nie! Die Ware Messias sal terug kom net soos Hy gesê het in Hand 1:10-14 **“...Hierdie Yahshua wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het..”** Jy kan ook hiervan lees in Sagaria 14:3-4.

Wat om te doen

Selfs al het ons gesien dat dit YAHWEH se plan is om 'n nageslag vir Homself deur die mensdom voort te bring, is daar een verlore element wat ons moet weet as ons saam met Yahshua vir Sy 1000 jaar millennium op aarde wil regeer. Toe YAHWEH vir die mens die asem van die lewe gegee het, het Hy ons 'n lewende siel gemaak, Gen 2:7. Die woord vir siel in Hebreeus is *“nefesh”*, en dit beteken *“om 'n lewende wese te wees.”* Lewe kan slegs van YAHWEH af kom, en net Hy kan dit van ons af neem. Maar om 'n letterlike kind van die lewende Elohiem te wees moet ons met water en met gees gedoop word. Yahshua het self in Johannes 3:5 gesê: **“as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van Elohiem nie ingaan nie.”**

Daar is dit! Geen uitsonderings nie! Tensy jy met water gedoop is (nie as 'n baba nie, maar as 'n denkende volwassene) en 'n gesant van YAHWEH hande op jou gelê het om die gawe van die Heilige Gees te ontvang, kan jy nie die Koninkryk van YAHWEH ingaan nie. As jy die woord doop in jou Bybelwoordeboek opsoek sal jy sien dit is totale onderdompeling, en nie net 'n besprinkeling nie. Wanneer jy in die water in gaan met die doop,

word daar uitgebeeld dat jy vir die wêreld en die rebellie van Adam en Eva deur Satan sterf en eintlik met die Heilige Gees deurtrek word. Dit is sodat wanneer Yahshua terugkom jy weer totaal as geestelike wese gebore kan word. Jy sal 'n regte kind van die lewende Elohiem wees. Hoe opwindend is dit nie?

Na die water doop, en die oplê van hande deur 'n gesant van YAHWEH (Hand 8:12-19) sal jy die saad van YAHWEH, wat in jou leef, deur die Heilige Gees ontvang. Dan, soos 'n kind in sy moederskoot, moet jy groei in genade en kennis van ons Meester en Verlosser Yahshua Messias, totdat Hy terug kom. Lees oor die wonderlike opstanding van die gees in 1 Kor 15:42-55. Dit sê dat jy in verganklikheid gebore is, maar dat jy opgewek word in onverganklikheid, jy is in swaakheid gebore, maar word in krag opgewek. Dit is die hoop van die opstanding. Net soos Yahshua as 'n onsterflike gees na drie dae en drie nagte in die graf opgewek is, sal ons ook vir die onsterflikheid met die opstanding opgewek word. In Joh. 3:2 staan daar: **“Geliefdes, nou is ons kinders van Elohiem, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.”**

Maar eers moet ons, soos dit in Hand 2:38-39 sê, geloof in Yahshua hê, van ons sondes **BEKEER** en in Sy naam gedoop word. Ons word met genade deur die geloof in Yahshua gered. Niks wat ons kan doen kan vir ons die ewige lewe verdien nie. Dit is 'n gratis geskenk van YAHWEH. Maar YAHWEH vereis steeds dat ons sekere goed doen om die geskenk te ontvang en te hou. Hand 5:32 sê dat YAHWEH Sy Gees gee aan die wat Hom **GEHOORSAAM**.

Rom 8:6-17 verduidelik dit baie mooi: **“...Maar as iemand die Gees van die Messias nie het nie, diegene behoort nie aan Hom nie. Maar as die Messias in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid...”**

Jy kan die Gees slegs deur die waterdoop en die oplê van hande ontvang. Dit kan net gebeur nadat jy waarlik van jou vleeslike menslike natuur, wat in vyandskap teen YAHWEH is, bekeer. Dan kan jy, deur die Heilige Gees begin om te verander. Daardie verandering is die misterie van YAHWEH, Yahshua in jou, die hoop van die heerlikheid.

Lees Romeine 6 en jy sal die nuwe mens wat jy moet word na die doop sien, totdat jy heeltemal verander word in die gees met die opstanding. Maar, soos Yahshua in Matteus 10 gesê het, tensy jy jouself elke dag ontken, en jou martelpaal optel en Hom volg, is jy nie geskik vir die Koninkryk van YAHWEH nie.

Tydens die doop word ons lewens deur YAHWEH Self gekoop, deur die bloed van Sy Seun. Dit is nie iets om ligtelik op te neem nie. Ons moet die vleeslike begeertes ontken en deur die Heilige Gees, wat in ons leef, lewe. Ons moet dit laat groei, nes 'n kind in sy moederskoot. Open. 14:12 **“Hier kom die lydsaamheid van die afgesonderdes te pas; hier is hulle wat die geboorte van Elohiem en die geloof in Yahshua bewaar..”** Dan, weereens, na jy gedoop is moet jy die tien geboorte gehoorsaam. Dit sluit in om ons Vader elke sewende dag (Saterdag) te eer as die Skepper van die heelal. Biljoene beweer hulle is Christene, maar hoeveel is gewillig om selfs net die tien geboorte te gehoorsaam? Hulle sal elke verskoning in die wêreld gebruik, in plaas daarvan om net YAHWEH se woord te gehoorsaam. Die Sabbat is die dag wat YAHWEH afgesonder het om te wys wie die enigste ware Elohiem van die heelal is. Dit is Heilige tyd. **Wat YAHWEH heilig gemaak het, kan geen mens onheilig maak nie.** Selfs Yahshua, die Seun van YAHWEH, het Homself die Meester van die Sabbat genoem, Mark 2:28. Daar is nie 'n skrifgedeelte in die Bybel wat wys dat die Sabbat na Sondag verander is nie. Maar 'n Romeinse keiser, Konstantyn, het YAHWEH se Heilige Sabbat na 'n Sondag in die jaar 325 verander. Dit was 300 jaar na Yahshua gesterf het. Hy het dit ter ere van die eerbare dag van die son gedoen.

Sondag is ook die dag, regdeur die geskiedenis, waarop verskeie kulture, insluitende Egipte en Babilon, Baal aanbid het. Ons meester het die Sabbat eerbiedig. Die apostels het die Sabbat eerbiedig. Dit is een van die ewige wette van YAHWEH wat met Sy eie vinger geskryf is. Gaan jy saam met die menigte gaan? Of gaan jy in die gaping staan en die Almagtige YAHWEH van die heelal gehoorsaam? Wil jy saam met Yahshua vir Sy 1000 jaar millennium regeer? Wees 'n gehoorsame dienaar, **Gehoorsaam YAHWEH se wette!**

As jy dit nie reeds gedoen het nie moet jy jouself bekeer en gedoop word in die naam van Yahshua Messias om YAHWEH se gratis geskenk van die ewige lewe deur Sy Heilige Gees te ontvang. Maak aanspraak op die oorwinning wat die bloed van Yahshua gewen het. Maak jou verbintenis vandag. Tyd is besig om uit te hardloop. Die groot verdrukking is naby! Moenie uitstel nie! Soek YAHWEH terwyl Hy nog gevind kan word!

As jy 'n gratis CD oor bekering wil hê, of oor die verandering van die Sabbat van Saterdag na Sondag, skryf asseblief en vra vir 'n kopie. As jy graag wil weet wat YAHWEH oor Amerika in profesieë sê, skryf asseblief vir ons gratis opname: *“Who is Babylon?”* (Mat. 10:8, *“Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.”*)

Besoek gerus ons webtuiste by www.coyhwh.com